

Lekkerbekkie Nuusbrief

15 JULIE 2015 | UITGAWE 102



Inhoud:

- * Kinderstorie: Die kleurmaker-masjien
- * Produk van die week: Uitverkoop!
- * Inkleurentjie: Die kleurmaker-masjien

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Die kleurmaker-masjien deur Reneé Pieterse

Plonspoot die duif pof sy vere. "Sjoe, dit het vinnig koud geword!" brom hy.

"Dis omdat dit nou herfs is," verduidelik sy vriend, Koer-koer, hier langs hom op die tak. "Iemand het die weer verander, en kyk net daardie boom! Iemand het sy blare ook verander. Dis nou oranje!"

Die twee duiwe vlieg na die herfsboom om die oranje blare beter te gaan bekyk. Koer-koer is eerste daar. "Kom kyk hier, Plonspoot!" roep Koer-Koer opgewonde. Hy het 'n vreemde boks met rooi knoppies op tussen die takke gekry. Wat kan dit wees?

"Wat dink jy doen hierdie rooi knoppies?" vra Plonspoot, en mik om een van die knoppies te druk.

"Moenie!" roep Koer-koer benoud, maar dis te laat! Plonspoot het klaar die knoppie gedruk. En kan jy glo? Een vir een verander die blare nou na... PIENK!

"Wat het jy aangevang? Maak dit reg!" raas Koer-Koer. Maar die volgende knoppies wat Plonspoot druk, maak alles net erger... Blou takke, blou stamme, blou wortels!

"Wat maak julle tweetjies!" bulder 'n kwaai stem hier agter hulle. Die duiwe wip soos hulle skrik! Dis 'n eekhorinkie, en hy loer kwaai na hulle. "Hoekom peuter julle aan die kleurmaker-masjien? Net ekke en die Kleurheer mag daaraan raak! Het julle nie geweet nie?"

"Die kleurmaker-masjien?" vra Plonspoot verbaas. "Maar wat maak dit?"

"Die masjien verander die kleur van die bome en plante met elke seisoen," sê die eekhorinkie. "Nou het julle alles deurmekaar gemaak! Dit moet herfs wees, nie reënboog-verkleurmannetjie-seisoen nie!"

Die duiwe is nou baie jammer. Hulle was net nuuskierig. Hulle het nie bedoel om aan die Kleurheer se kleurmaker-masjien te peuter nie. Die eekhorinkie kan sien dat hulle sleg voel. "Nou goed," sê hy. "Ek sal julle wys hoe die kleurmaker-masjien werk, maar dis 'n groot geheim, hoor? Julle mag vir NIEMAND sê nie!"

Nuuskierig loer die duiwe hoe die eekhorinkie aan die rooi knoppies begin druk. Enetjie hier, en tweetjies daar. Nog 'n knoppie... en siedaar! Al die kleure is weer reg! Die herfs is terug.

"Nou toe," sê die eekhorinkie trots. "Nou gaan julle huis toe, en julle kom karring nie weer hier nie, hoor?"

Plonspoot en Koer-Koer knik, en vlieg weg na die anderkant van die bos. Hulle is diep in gedagte oor alles wat hulle geleer het. Maar iets laat vir Koer-Koer giggel...

"Plonspoot," fluister hy, "dink jy ons moet die eekhorinkie laat weet dat hy die gras pers vergeet het?"

Verdien 'n ekstra inkomste in 2015 deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week

Uitverkoop van kinderstories!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus. **Hierdie week het ons 'n lekker uitverkoop op produkte by Anna Emm! Die pryse hieronder is geldig tot Maandag 20 Julie – en slegs indien jy deur 'n AnnaEmm-agent aankoop. Kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908 vir 'n agent in jou area, of bestel direk by ons teen die gewone pryse.**

Pryse geldig vanaf 14 - 20 Julie 2015

UITVERKOPING

All these titles available in English

AUDIO BOEKE VIR 5 - 12 JARIGES

Anna Emm se vakansiestories

Land van die Reuse

Voorgelees deur Anrich Herbst

Die boelie, Lafras, is op Elle se spoor. Hy en sy trawante knou haar aewig af omdat sy die kleinste in die klas is. Selfs toe hulle op 'n skool-uitstap by die museum in Kaapstad is, wil hulle haar nie uitfas nie. Elle vlug by 'n deur agter een van die vertoonkaste in... en ontdek 'n gang. Aan die einde van die gang is nog 'n deur, en anderkant die deur wag die grootste avontuur van haar lewe...

Kode: VA03A
Land van die Reuse (Hoofstuk 1-14)
80 min | dubbele audio cd

NOU SLEGS
R100.00
gewone prys R130



CD'S VIR 3 - 9 JARIGES



Tim en Tim-Tobie se ruimte-avontuur

Voorgelees deur Lorraine du Toit

Tim en Tim-Tobie besluit om 'n speel-speel ruimteluig te bou.

Kode: RA01A
Tim & Tim-Tobie se ruimte-avontuur
40 min | audio cd

NOU SLEGS
R80.00
gewone prys R95



Daar's 'n alien in die bokspap

Voorgelees deur Anrich Herbst

Toe Gertie opgewonde die nuwe bokspap oopmaak om die plastiek alien-speelgoed te kry, klouter daar 'n regte egte alien uit die bokspap!

Kode: BP01A
Daar's 'n alien in die bokspap
40 min | audio cd

NOU SLEGS
R80.00
gewone prys R95

STORIEKAARTE VIR 2 - 5 JARIGES

Junior Storiekaarte

Eike storie bestaan uit 8 kleurvolle A4-kaarte met groot illustrasies en eenvoudige teks vir 2-5 jariges.

Kode: SA06A
Deurmekaar Daanijie
A4 Storiekaart

Kode: SA08A
Padda en die brommer
A4 Storiekaart

Kode: SA07A
Petrus Plaashond
A4 Storiekaart

NOU SLEGS
R50.00
gewone prys R65




annaemm
kinderstories

Word 'n Anna Emm storie-agent in 2015!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Die kleurmaker-masjien illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za